




OLIESADE-OORSIG



Suid-Amerikaanse produksie kry swaar onder ongunstige weersomstandighede

– 8 November 2012

DIRK STRYDOM, SA GRAAN/GRAIN MEDEWERKER

Op internasionale vraag en aanbod-vlak het die risiko van die laer as verwagte produksie van sojabone, mielies en sonneblomsaad groter geword. Die weersomstandighede in Suid-Amerika, addisionele stortreënval in Argentinië en voortgesette droogtestres in die sentrale dele van Brasilië tot en met vroeg November, vererger die situasie.

Die verslae oor Suid-Amerikaanse aanplantings en oesvoorsigte van oliesade en graan is nie bemoedigend nie. Daar is intendeel toeneemende kommer. Voorspellings van 'n rekordoes in Suid-Amerika was in werklikheid voortydig en dit het gelei tot verhoogde senuweeagtigheid, veral onder verbruikers. Verbruikers is nou senuagtig vanweë die feit dat die moontlikheid van 'n groot oes nou nie meer daar is nie en hul hoër pryse in die 2013 bemarkingsjaar kan verwag.

Wat hierdie situasie selfs meer kompliseer, is dat die grootste bedreiging in Brasilië, die feit is dat daar vroeg in November baie lae grondvogvoorrade in Sentraal-Brasilië (Mato Grosso, Mato Grosso do Sul, Goiás en Minas Gerais) voorkom. 'n Gebrek aan reën bly 'n kommer in die sentrale deel van dié land (die Cerrado-streek), wat sojaboon- en mielie-aanplantings vertraag en buitengewone droë toestande vir vroeë ontkieming skep. Daar is voorspellings vir reën, maar die seisoen is reeds agter in terme van die verwagte aanplantings. Dit beteken dat die opbrengspotensiaal moontlik sal daal as gevolg van laat aanplantings. Indien daar nie voldoende reënval is nie, sal daar onomkeerbare skade in hierdie streke plaasvind.

In Argentinië is die reënval tans 200% - 400% van die normale reënval, wat bewerking onmoontlik maak. Kumulatiewe reënval tot einde Oktober was na bewering die hoogste in 100 jaar in die meeste gebiede van die mielie- en sojaboongordels. Dit veroorsaak al vir 'n geruime tyd dat dit byna onmoontlik is vir masjinerie om in die lande in te kom. November en Desember is dié land se belangrikste tydperk vir die plant van sojabone.

Gegewe die bogenoemde feite, bestaan daar 'n kans vir laer opbrengste. Dit is te vroeg om te sê, maar die begin van die sojaboonees kan vir twee tot drie weke in beide Brasilië en Argentinië vertraag word as gevolg van die later aanplantings. Dit kan 'n groot impak hê, siende dat die wêreldwye vraag afhanklik gaan wees van Amerikaanse voorraad vir 'n langer as die gewenste of as die verwagte tydperk in die 2013 bemarkingsjaar.

Bevrediging van die wêreldwye vraag na sojabone en sojaboonprodukte in Maart/September 2013, sal slegs moontlik kan wees indien

die gekombineerde, totale Suid-Amerikaanse sojaboonproduksie verhoog word met ten minste 30 miljoen ton vanaf die 116 miljoen ton wat vroeër die jaar geoes is.

Met lae verwagte wêreld-sojaboonvoorrade vroeg volgende jaar asook verminderde voorrade van ander oliesade, sal daar 'n groter afhanklikheid van Suid-Amerikaanse voorrade in Maart 2013 bestaan as gewoonlik. Die mark en die pryse gaan daarom sensitief reageer op die verdere ontwikkeling van aanplantings en oesvoorsigte in Suid-Amerika.


Vroeër is verwag dat die wêreldvoorrade van sojabone laer sal wees; ongeveer 27 miljoen ton minder as 'n jaar gelede vir die tydperk van September 2012 tot Februarie 2013. Die wêreldvoorrade van alle ander oliesade as 'n groep, sal ook met sowat 3 miljoen ton afneem. Selfs al is daar 'n skerp afname in die aandele van sojabone en ander oliesade tot buitengewone lae vlakke in die eerste vyf tot ses maande van die produksieseisoen, sal die wêrelduitvoer en -pers van sojabone steeds in September 2012 tot Februarie 2013 verminder moet word.

Die VSA het in die November wêreld vraag en aanbod-verslag hul produksiesyfer vir sojabone opwaarts aangepas. Tog as die huidige tempo van beskikbaarheid in ag geneem word, sal die bykomende toevoer vinnig verdamp.

Soja-uitvoer van die vier groot lande (VSA, Argentinië, Brasilië en Paraguay) was hoër as wat verwag is op ongeveer 9 miljoen ton in Oktober. Dit is 8 miljoen ton meer as verlede jaar en aansienlik hoër as in September.

Die toename in sojaboonuitvoere in Oktober is hoofsaaklik gebaseer op baie groot verskeppings na China (Tabel 1: 8 November 2012). As gevolg van onvoldoende Amerikaanse voorrade sal so 'n tempo van Amerikaanse uitvoer egter nie kan voortgaan nie. Dit is dus noodsaaklik dat vraagrantsoenering afdwinging moet word, hetsy deur hoër pryse of die "vrywillige" vermindering van invoere van die groot lande ten koste van plaaslike voorrade.

China hou die sleutel tot hierdie dinamiese rantsoeneringsproses. China kan dit regkry deur die huidige groot voorraad ingevoerde en plaaslike aanbod te verlaag. Dit kan gedoen word deur middel van die verhoging in persings vir die eerste helfte van die seisoen – Februarie en Maart. Die vraag is egter of sal China so 'n besluit neem, gegewe die risiko dat daar waarskynlik later die jaar voorraadtekorte kan wees as gevolg van die moontlike produksieverliese in Suid-Amerika?



Plaaslike vraag en aanbod


In die Oesskattingkomitee se verslag van Oktober is die voorgenome aanplantings gepubliseer. Die grootste verwagte aanplantingstygings is sorghum en sonneblom wat onderskeidelik met 33,2% en 15,8% (NOK) vanaf die vorige produksieseisoen gestyg het.

Alle oliesade se voorneme is hoër as die vorige seisoen, behalwe dié van grondbone. Die voorgenome sojaboonaanplantings toon 'n toename van 6,8% in vergelyking met die vorige seisoen; daar is 'n styging vanaf 472 000 ha tot 504 000 ha.

Alhoewel dit redelike stygings is, is dit steeds nie op rekordvlakke nie. In 2011 was die totale hektare vir sonneblom, sojabone en grondbone op 1 115 850 ha (SAGIS). Die 2013-plantvoorneme vir die drie oliesade is tans 1 072 000 ha wat bó die vyf jaar gemiddeld is (**Grafiek 1**). Die uitbreiding van perskapasiteit in Suid-Afrika kan dus die hoë produksiesyfer teenstaan as gevolg van 'n styging in die vraag na sojabone.

Plantomstandighede gaan natuurlik 'n bepalende effek hê op die uitspeel van die plantvoorneme. Tans (met die skryf van die artikel) lyk dit of die plaaslike weer na die normale tot El Niño-vlak beweeg. Weersomstandighede sal dus baie noukeurig geëvalueer moet word in die planttydperk en bemarkingsbesluite sal dienoreenkomstig geneem moet word. As plantomstandighede goed is, sal verskansingstrategieë reeds vroeg moet plaasvind. Indien dit nie gunstig is nie kan gewag word tot later in die produksieseisoen.

Die plaaslike pryse in die komende maande gaan baie afhang van faktore, soos die produksie van oliesade in Suid-Amerika, die logistieke hindernisse (soos uitvoerkapasiteit en infrastruktuur) vanaf Suid-Amerika en plaaslike plantomstandighede gegewe die weer en plantdatums. Die wisselkoers gaan baie wisselvallig wees in die huidige politieke klimaat en kan moontlik in Desember verswak. ■



Grafiek 1: Historiese oliesaadhektare geplant.

Bron: SAGIS

TABEL 1: UITVOER VAN SOJABONE (MILJOEN TON).

	Oktober		September	Augustus
	2012	2011	2011	2011
VSA	7,50*	5,26	1,30	1,19
Argentinië	0,42*	1,20	1,78	1,42
Brasilië	0,91	1,41	2,80	3,69
Paraguay	0,19*	0,35	0,41	0,56
Totaal	0,91	8,22	6,29	6,86

* Skatting

Bron: Oilworld

TABEL 2: OESVOORNEMENS VIR 2013.

Gewas	Voorname 2013 ha soos middel-Oktober 2012 (A)	Oppervlak beplant 2012 ha (B)	Finale skatting 2012 ton soos op 26 September 2012 (C)	Verandering % (A) ÷ (B)
Kommersieel:				
Witmielies	1 600 000	1 636 200	6 505 800	-2,2
Geelmielies	1 135 000	1 063 000	4 988 850	+6,8
Mielies	2 735 000	2 699 200	11 494 650	+1,3
Sonneblomsaad	525 000	453 350	527 110	+15,8
Sojabone	504 000	472 000	646 950	+6,8
Grondbone	43 000	45 450	60 290	-5,4
Sorghum	64 650	48 550	137 150	+33,2
Droëbone	45 000	39 750	47 695	+13,2
Totaal	3 916 650	3 758 300	12 913 845	+4,2

Bron: NOK

Hierdie Oliesade-oorsig word moontlik gemaak deur die Olie- en Proteïensade Ontwikkelingstrust.